

# DIE SOUTH AFRICAN CONSTABULARY IN DIE ORANJERIVIERKOLONIE 1900 - 1908

C.J.P. le Roux

Departement Geskiedenis, Universiteit Vista,  
Bloemfontein, 9300

## The South African Constabulary in the Orange River Colony 1900-1908

The South African Constabulary (S.A.C.) acted as an occupation force and a colonial police force in the Orange River Colony and the Transvaal Colony during and after the Anglo Boer War (1899-1902). It was dissolved in 1908 after its loss of credibility in the eyes of the Boer people. It was labelled as incompetent for a number of reasons: As an occupation force during the war it safeguarded the evacuated districts against further penetration by the Boer forces - after the war it had to protect those same Boers and their families, and its obligations as an occupation force made it impossible for the S.A.C. to fulfil its duties as a police force while at the same time trying to maintain law and order in the towns; then too, the S.A.C. was too large, making it expensive to maintain. The whole situation was aggravated by the ignorance of its predominantly English-speaking members (who had been recruited abroad) of the Dutch language and of race relations in South Africa.

By virtue of its policy of conciliation, the British government tried to foster acceptance of the colonial government by the Boers: to cut costs it reduced the number of S.A.C. members and with the exception of cattle theft which was still rife, crime was successfully combatted. The many other tasks which it fulfilled, such as assistance to a number of government departments, meant that the S.A.C. was unable to carry out its function as a police force effectively. This often exposed it to unfair criticism. Taking these factors into consideration, the S.A.C. acquitted itself satisfactorily as custodian of the law.

Die South African Constabulary (S.A.C.) het tydens en na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) as besettingsmag en koloniale polisiemag in die Oranjerivier- en Transvaalkolonie opgetree. Dié mag is in 1908 ontbind nadat dit sedert sy ontstaan in Oktober 1900 om die volgende redes deur die Boerebevolking gewantrou en as onbekwaam bestempel is: dit het as besettingsmag gedurende die oorlog die ontruimde distrikte teen verdere inbring van die Boeremagte gevrywaar, maar na die oorlog moes dit dieselfde Boere en hulle gesinne beskerm; sy verpligte as besettingsmag het dit vir hom onmoontlik gemaak om as polisiemag wet en orde in die dorpe te handhaaf; die buitengewoon groot aantal lede en gevolglike hoë onderhoudskoste van die mag; die onkunde van sy hoofsaaklik Engelssprekende lede wat in die buitenland gewerf is, met die Hollandse taal en Suid-Afrikaanse rasseverhoudinge.

Die Britse regering het hom, ingevolge sy konsiliaariebeleid die aanvaarding van die koloniale regering deur die Boerebevolking ten doel gestel: om regeringsuitgawes te besnoei is die ledetal van die S.A.C. jaarliks verminder; met die uitsondering van veediefstal is misdaad suksesvol bekamp. Die talle ander funksies buite sy terrein as regshandhawer soos die volksaalse hulpverlening aan verskeie regeringsdepartemente, het die S.A.C. verhoed om sy polisiewerk behoorlik uit te voer. Dit het hom dikwels aan ongeregverdigde kritiek blootgestel. Dié omstandighede in ag genome, het die S.A.C. hom goed van sy taak as handhawer van wet en orde gekwyt.

Die South African Constabulary (S.A.C.) was die polisiemag wat tydens en na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) wet en orde in die Oranjerivier- en Transvaalkolonie moes handhaaf. Die mag was egter sedert sy totstandkoming in 1900 die skyf van voortdurende kritiek, aanvanklik van die verbitterde Boere en die pers en later van hi-

storici soos A.P.J. van Rensburg; A.H. Marais en D. Denoon.<sup>1</sup> Britsgesinde skrywers soos W.B. Worsfold het kort na die oorlog die optrede van die S.A.C. probeer regverdig.<sup>2</sup> Dit is gevvolglik noodsaaklik om die samestelling en optrede van die S.A.C. nader te ondersoek om vas te stel of die kritiek geregverdig was al dan nie. Aangesien die mag veral in die Oranjerivierkolonie aan hewige kritiek blootgestel was, word met dié kolonie volstaan.

### Daarstelling en organisasie van die S.A.C.

Militêre regering, met Bloemfontein as setel, is in Maart 1900 in die Oranjerivierkolonie ingestel om die enkele distrikte waar nie krygsoperasies uitgevoer is nie, te administreer. Dit het egter gou geblyk dat die offisiere nie doeltreffende beheer oor die burgerlike bevolking in die distrikte uitgeoefen het nie. Die toepassing van krygswet en algemene siviël-administratiewe pligte soos toesighouding oor die werk van die landdroste het agterweë gebly. Die militêre goewerneur, G.T. Pretzman, het gevvolglik distrikskommissaris, bygestaan deur 'n klein tydelike berede militêre mag, aangestel om in 'n toesighoudende hoedanigheid die landdroste te help om wet en orde te handhaaf en belastings in te samel. Omdat die mag nie op 'n permanente grondslag georganiseer was nie, en ook nie op die hoogte met polisie- en administratiewe werk was nie, het dit gou geblyk ondoeltreffend te wees. In Oktober 1900 het die Hoë-Kommissaris, lord Alfred Milner, die mag ontbind en kragtens proklamasie deur die South African Constabulary vervang.<sup>3</sup>

Die S.A.C. was aanvanklik onder die beheer en toesig van lord Roberts, die Britse militêre opperbevelhebber in Suid-Afrika. Milner sou in Augustus 1901 oorneem omdat aanvaar is dat die oorlog dan verby sal wees. Omdat Milner bewus was van die belangrike onderdersteuningsrol wat die mag in die militêr-ontruimde distrikte moes vervul, het hy die beste lede van organisasies soos die Royal Irish Constabulary, die Kanadese berede polisie en die polisiemagte van die Kaap- en Natalkolonie in die S.A.C. geïnkorporeer. Tweehonderd en vyftig burgers wat tydens die oorlog lojaal teenoor Brittannie gebly het (sogenaamde "Hendsoppers") en oud-Britse soldate is ook in die mag opgeneem. Rekrute is ook oral oor die Britse ryk heen gewerf soos in Australië, Indië, Engeland, Kanada en Nieu-Zeeland.<sup>4</sup>

Dit is aan generaals-majoor R.S.S. Baden-Powell opgedra om die S.A.C. te organiseer. Aan die Oranjerivier- en Transvaalkolonie is 'n gesamentlike mag van 10 016 man toegegewys. Sover vasgestel kon word, is ongeveer 3 000 man in die Oranjerivierkolonie gestasioneer aangesien die kolonie relatief gesproke oor 'n kleiner bevolking en geografiese gebied as die Transvaalkolonie beskik het. Die lede is onder

---

A.P.J. van Rensburg, 'Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1967, II, pp. 193-195; A.H. Marais, 'Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1912', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1970, II, pp. 3, 17, 57 en 59; D. Denoon, *A grand illusion. The failure of Imperial policy in the Transvaal Colony during the period of reconstruction, 1900-1905* (Londen, 1973), pp. 56, 204, 207 en 214; *The Friend*, 6-5-1907 (Hoofartikel), 12-2-1902, 5-3-1903.

2. W.B. Worsfold, *The reconstruction of the new colonies under Lord Milner I*, (Londen, 1913), pp. 33-34, 246-247, II, (Londen, 1913), pp. 155-172.
3. Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna V.A.B.) Bloemfontein: O.R.C. 67, *Statutes of the Orange River Colony, 1907-1908*, p. 371; C.J.H. Kruger, *Militêre bewind in die Oranjerivierkolonie, Maart 1900 - Januarie 1901* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958), p. 42; W.B. Worsfold, *The reconstruction of the new colonies under Lord Milner II*, p. 155. Vir die organisasie van die polisiediens voor die oorlog in die republiekinse tyd, vgl. V.A.B.: O.R.C. 66, *Laws of the Orange River Colony*, 1901.
4. W.B. Worsfold, *The reconstruction of the new colonies under Lord Milner II*, pp. 157-158; V.A.B. O.R.C. 341, *Report on the liquidation of the affairs of the late Inter Colonial Council, 1910*, p. 5; V.A.B. Cd. 1551, *Progress of administration in the Transvaal and Orange River Colony, April 1903*, pp. 201-202. Dieselfde reëlings is ook vir die Transvaalkolonie getref, vgl. W.B. Worsfold, *The reconstruction of the new colonies under Lord Milner I*, pp. 33-34.

distrikskommissaris met die rang van majoor geplaas, wat uit die veertien kleiner dorpies in die kolonie sou opereer, onder meer Bethulie, Jacobsdal, Heilbron, Winburg, Thaba Nchu, Edenburg, Boshof, Rouxville, Hoopstad en Viljoensdrif. Die municipale polisie, ook aanvanklik onder militêre bevel, het omgesien na die wet en orde in die agt hoofdorppe: Bloemfontein, Kroonstad, Harrismith, Fauresmith, Smithfield, Ladybrand, Jagersfontein en Koffiesfontein.<sup>5</sup>

Teen die verwagtinge in van die militêre owerhede, het die oorlog onverpoos voortgeduur tot met vredesluiting in Mei 1902. Die hooftaak van die S.A.C. was om as militêre besettingsmag die verowerde distrikte teen hernieuwe indringing van Boerekant te vrywaar en die inwoners se lewe en eiendom te beskerm. Inwoners was hoofsaaklik dorpenaars, regeringsamptenare, hulle gesinne en "Hendsoppers". Die "verskroeide aarde"-beleid van die Britse opperbevel wat Boere-eiendom in puin gelê het terwyl hulle vrouens en kinders in konsentrasiekampe aangehou is, het die beskermingstaak van die S.A.C. hoofsaaklik tot regeringseiendom beperk. Die newegeskikte polisietaak van die S.A.C. was om die landdroste te help om wet en orde te handhaaf en die municipale regulasies toe te pas. Op dié wyse is vise-administrateur H.J. Goold-Adams in staat gestel om sy siviele administrasie sedert Februarie 1901 uit Bloemfontein van stapel te stuur.<sup>6</sup>

Die distrikskommissaris het spesiale mag gehad om regulasies soortgelyk aan krygswet uit te vaardig. Prakties gesproke het dit beteken dat die S.A.C., soos die polisie, wet en orde moes handhaaf, krygsgevangenes kon neem en veediefstal kontroleer. Dit was ook met dié doel voor oë dat so 'n groot besettingsmag aan die twee kolonies toegestaan is. Die eerste opdrag was om alle vuurwapens van die Boere en swart mense te konfiskeer en perde en voertuie vir militêre doeleindes te kommandeer. Boere wat gewei het om die eed van neutraliteit aan die Britse kroon af te lê, is krygsgevange geneem en daar is op hul eiendom beslag gelê. Die militêre opperbevel wou hiermee voorsorg tref teen moontlike opstand van Boerekant na die vredesluiting, maar dit het meer daarin geslaag om die S.A.C. ongewilder te maak. Die vuurwapens in besit van swart mense is afgeneem om te verhoed dat hulle dit teen die Boere gebruik en gevolglik toekomstige vredespogings tussen Boer en Brit bemoeilik.<sup>7</sup>

Siviele administrasie het weens oorlogsbedrywighede in 1901 in sekere distrikte tot stilstand gekom. Die S.A.C. was verplig om toenemend militêr op te tree namate die oorlog voortgesleep en die Boeremagte in klein, beweeglike guerrillagevegseenhede opgetree het. Die S.A.C. het dikwels saam met die militêre garnisoen opgetree om 'n dorp te verdedig. In oorlogssituasies waar die siviele amptenary om veiligheidsredes ontrek is, het die distrikskommissaris as senior magistraat opgetree om kriminele sake soos hoogverraad en brandstigting te verhoor. Sodanige funksies het hoë eise gestel aan offisiere wat nie met die siviele administrasie vertroud was nie.<sup>8</sup>

Die S.A.C. is op 16 Junie 1902, sestien dae na vredesluiting, van hulle militêre pligte ontheft. Hulle is vervolgens volksaals by die heropbou van die kolonie betrek, sodat al die inwoners so gou moontlik hulle gewone daagliks bedrywighede kon hervat. Vir dié doel is die S.A.C. verdeel in groepe van 100 man elk om die genoemde agt hoofdorppe en hulle onderskeie subdistrikte te beman. In die subdistrik-

- 
5. Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna T.A.B.), Pretoria: G.473/4426/01: Goold-Adams - Milner, 2-10-1901; V.A.B.: C.O. 16/1341/01: Goold Adams - Milner, 4-5-1901.
  6. V.A.B.: Cd. 1551, *Progress of administration in the Transvaal and Orange River Colony*, April 1903, pp. 116 en 194; W.B. Worsfold, *The reconstruction of the new colonies under Lord Milner II*, pp. 18, 33 en 247.
  7. V.A.B.: M.G. 26, *Proclamations and Circulars*, Circular No. 7: Commissioners and Magistrates, 27-6-1900; V.A.B.: Cd. 1551, *Progress of administration in the Transvaal and Orange River Colony*, April 1903, pp. 201-202; V.A.B.: O.R.C. 341, *Report on the liquidation of the affairs of the late Inter Colonial Council*, 1910, p. 5.
  8. V.A.B: C.O. 17/1405/01: Inspekteur-generaal - Vise-administrateur, 22-5-1901; V.A.B.: C.O. 16/1341/01: Goold-Adams - Milner, 4-5-1901; V.A.B.: M.G. 26, *Proclamations and Circulars*, 7-7-1900; V.A.B.: M.G. 27, *Proclamations and Circulars, Orders for District Commissioners, ongedateer*; C.J.H. Kruger, *Militêre bewind in die Oranjerivierkolonie, Maart 1900 - Januarie 1901*, pp. 42-45 en 124-145.

te is polisiestasies gevestig. Dit het die S.A.C. in staat gestel om die mees afgeleë plaas minstens een keer per maand met berede patrollies van twee tot drie man te besoek.<sup>9</sup>

Die heropbou van die ontwrigte kolonie na die oorlog was 'n omvangryke taak waaraan die S.A.C. 'n leue-aandeel gehad het. Die belangrikste taak was die repatriasie van die wit en swart inwoners van die konsentrasiekampe. Verskeie departementele funksies is man-alleen deur die S.A.C. behartig omdat daar nie voldoende siviele persone beskikbaar was nie.

Benewens die gewone polisiewerk, was hulle ook betrokke by hospitaal- en veeartsenydienste, vervoer, voorradeverskaffing (voedsel, kleding, saad en implemente) en finansies (rekening, salaris en lone). Die aflewering van pos het die uiters belangrike kommunikasiestelsel van die kolonie op dreef gekry.<sup>10</sup> Die oorskakeling van hoofsaaklik militêre werk na algemene polisiewerk met vele newe-funksies, het sonder onderbreking geskied.

Die heropbou van die kolonie het ook 'n inligtingsfunksie vir die S.A.C. meegebring. Na vredesluiting het die S.A.C. deur middel van sy polisiestasies en -patrollies die doen en late van die inwoners van elke distrik gemoniteer. Die luitenant-goewerneur is deur die offisiere en landdroste op die hoogte gehou van byvoorbeeld die vordering van die gerepatrieerde boere op hulle plese, politieke verwikkelinge onder die Boere, statistiese van kriminele sake soos veediefstal en landboukundige vraagstukke soos sprinckaaplae. Teen die einde van 1902 was die S.A.C. in al die distrikte gevestig. Die siviele administrasie van die kolonie was so goed op dreef dat die S.A.C. na ongeveer 2 000 man verminder is.<sup>11</sup>

#### Samesmelting van die S.A.C. en die munisipale polisie

Die militêre goewerneur het die munisipale polisie kort na sy bewindsaanvaarding in Maart 1900 in die lewe geroep. Nadat die S.A.C. in Oktober 1900 sy beslag gekry het, is die munisipale polisie onder sy bevel geplaas. Die doel van dié polisie was om na die siviele funksies en die handhawing van die munisipale regulasies in die agt hoofdorpe van die kolonie om te sien. Die S.A.C. en die munisipale polisie was dus twee afsonderlike magte, elk met sy eie terrein van optrede, maar albei aanvanklik aan die Britse militêre opperbevel onderworpe.<sup>12</sup>

Die militêre opperbevel het foutiewelik geredeneer dat die handhawing van wet en orde in die oorblywende kleiner dorpe nie veel op die tyd en krag van die S.A.C. as besettingsmag sou aanspraak maak nie. Die S.A.C. was egter weens sy gebrek aan kennis van munisipale polisiewerk en die eise wat die vyandelike Boeremagte aan hom as besettingsmag gestel het, nie in staat om sy munisipale verpligte na te kom nie. Die dorpe was vir sekere periodes in 1901 en 1902 geheel en al sonder enige polisiediens. Goold-Adams was verplig om sedert Julie 1901 bykomende munisipale polisiebeamptes op die kleiner dorpe aan te stel.<sup>13</sup>

Die Britse militêre en siviele overhede het begin besef dat die oorlog waarskynlik tot in 1902 sou voortduur. Daarom was daar geen teenspraak deur Milner en die militêre opperbevel nie toe Goold-Adams voorstel dat munisipale polisiebeamptes in al die dorpe van die kolonie aangestel word om die siviele en administratiewe funksies daar in stand te hou. Dit sou die S.A.C. in staat stel om sy taak as militêre besettingsmag voort te sit. Milner, wat sedert Mei 1901 beheer oor die munisipale polisie verkry het, het 'n kommissaris van polisie aangestel om beheer oor die groter

9. V.A.B.: Cd. 1551, *Progress of administration in the Transvaal and Orange River Colony*, April 1903, pp. 116 en 194.

10. *Ibid.*

11. *Ibid.*, p. 195; W.B. Worsfold, *The reconstruction of the new colonies under Lord Milner I*, p. 34.

12. V.A.B.: C.O. 68/1391/02: Goold-Adams - Administrateur Oranjerivierkolonie, 5-6-1902; V.A.B. O.R.C. 90, Orange River Colony Municipal Police, 1902. Vir die posisie van die munisipale polisie voor die oorlog in die republikeinse tyd, vgl. V.A.B.: C.O. 16/1341/01: Civil Report Administration O.R.C., 4-5-1901, p. 14.

13. *Ibid.*, V.A.B.: C.O. 33/3169(a)/01: Goold-Adams - Hoë Kommissaris, 2-10-1901, pp. 1-3.

wordende polisiemag uit te oefen. Die S.A.C. het as voedingsbron vir die munisipale polisie gedien om die toekomstige samesmelting van die twee magte na vredesluiting te vergemaklik.<sup>14</sup>

Die samesmelting van die twee magte onder die bevelvoerende offisier van die S.A.C., kolonel H. Pilkington, het op 1 Maart 1903 plaasgevind. Die repatriasie van die konsentrasiekampgevangenes was pas afgehandel. Die S.A.C. kon hom as vredestydse polisiemag voortaan toespits op eenvormige optrede en beleid in die 24 dorpe van die kolonie. Die S.A.C. is as koloniale polisiediens in drie afdelings georganiseer: 'n berede-, voet- en speurafdeling. Elke afdeling in 'n distrik het oor 'n bevelvoerende offisier beskik wat moes rapporteer aan die koloniale polisiehoof (assistent-inspekteur-generaal) by die hoofkwartier, Sydenham, buite Bloemfontein. Die hoof-bevelvoerder van die S.A.C. in die Oranjerivier- en Transvaalkolonie was die inspekteur-generaal, gesetel in Pretoria. Die twee kolonies het dus oor 'n gemeenskaplike polisiehoof beskik om polisieoptrede te koördineer.<sup>15</sup>

'n Mag met die omvang en funksies van die S.A.C. het besondere administratiewe maatreëls gevverg. In Mei 1903 het Milner die Interkoloniale Raad met 30 lede waarvan hy die voorstitter was, in die lewe geroep om hom oor spoorwegaangeleenthede en die administrasie van die S.A.C. te adviseer. Die twee luitenant-goewerneurs van die kolonies, ook lid van die Raad, het namens hom beheer en toesig oor die S.A.C. uitgeoefen. (In die Oranjerivierkolonie het Goold-Adams sedert 1902 self as luitenant-goewerneur opgetree). Die S.A.C. was dus streng gespouse 'n interkoloniale departement en nie deel van die gewone departemente opset van die twee koloniale regerings nie.<sup>16</sup>

Kritiek deur die pers, Boereleiers en burgers was hoofsaaklik gemik teen die optrede van die S.A.C. tydens die oorlog, sy grootte en onderhoudskoste. Dit het na bewering ook nie daarin geslaag om misdaad en veral veediefstal doeltreffend hok te slaan nie.

### As militêre besettingsmag tydens die oorlog

Die S.A.C. is beskuldig dat hy nie 'n suiwer polisiediens was wat die belang van die burgerlike bevolking eerste gestel het nie, maar wel 'n semi-militêre mag wat militêre oorwegings voorop gestel het. Dat die S.A.C. gedurende die oorlog 'n militêre besettingsmag was wat die verowerde distrikte teen verdere Boereaanvalle moes beskerm en na die oorlog weer as polisiemag opgetree het om dieselfde Boere, hulle gesinne en eiendom te beskerm, het die Boere met agterdog vervul.

Milner se newegeskikte oogmerk met die S.A.C., naamlik om die Britse element in die twee verowerde kolonies sodanig te versterk sodat hy sy verengelingsbeleid kon bevorder, het gemoedere verder laat opvlam. Worsfold, die Birtse oorlogs-korrespondent, het in 1906 verklaar: "Lord Milner had determined that no opportunity of adding to the permanent British population of the two colonies should be lost." Dat 250 Vrystaatse "Hendsoppers" ook in die S.A.C. opgeneem is om onder meer as tolke op te tree, het sekerlik nie tot die gemoedsrus van die Boere bygedra nie.<sup>17</sup>

- 
14. V.A.B.: C.O. 68/1391/02: Goold-Adams - Administrateur Oranjerivierkolonie, 5-6-1902; Minutes made after an interview with His Excellency the Deputy Administrator, 2-6-1902.
  15. V.A.B.: C.O. 140/978/03: Municipal Police: Amalgamation with S.A.C., 6-2-1903; V.A.B.: C.O. 61/879/02: H. Pilkington - Sekretaris Administrasie Oranjerivierkolonie, 29-3-1902 en 8-4-1902. Vir kritiek op die bevelstruktuur van die S.A.C. in die Transvaalkolonie, vgl. D. Denoon, *A grand illusion. The failure of Imperial policy in the Transvaal Colony during the period of reconstruction, 1900-1905*, p. 204.
  16. A.P. Newton, (red.), *Select documents relating to the unification of South Africa, I* (Londen 1924), pp. 222-223 en 230-231; J.M. Pels, *The history of transport development in the Orange Free State, 1903-1906* (Ongepubliseerde M.Com.-verhandeling, UNISA, 1937), p. 13. Vir meer besonderhede oor die Interkoloniale Raad, kyk V.A.B.: Cd. 1641, *Inter-Colonial Council South Africa Order in Council*, Junie, 1903.
  17. W.B. Worsfold, *Lord Milner's work in South Africa* (Londen, 1906), pp. 530-531.

Die S.A.C. het hom aan verdere kritiek blootgestel deur die onoordeelkundige toepassing van krygswetregulasies, weersprekende omsendbriewe van militêre bevelvoerders en onkunde van siviël-administratiewe maatreëls. Die lede van die S.A.C. wat in die buiteland gewerf is, het ook 'n gebrek aan kennis van die Boerevolk, sy taal en tradisies getoon. Daarom verbaas dit nie dat lede van die S.A.C. eiendom van burgerlikes ingevolge krygswet gekonfiskeer het, nie-wetende dat dit aan lojale burgers behoort het en dat die betrokke distrikte reeds deur die S.A.C. beskerm is - wat konfiskasie onnodig gemaak het. Lede van die S.A.C. het ook ongeërg toegekyk terwyl gewapende swart mans in diens van die S.A.C. hulle uitdagend teenoor ontwapende Boere gedra het. Die onvermoë van die S.A.C. om gedurende die oorlog wet en orde op die kleiner dorpe te handhaaf, is reeds vermeld. Pro-Boer winkeliers op die dorpe het hulle misnoë met die houding van die S.A.C. te kenne gegee deur hulle nie te bedien nie.<sup>18</sup>

Goold-Adams, wat oor meer as 17 jaar ervaring van Suid-Afrikaanse politieke omstandighede beskik het, was gesteld daarop dat die burgerlike bevolking nie deur die toepassing van krygswet teen die siviële regering opgesweep moes word nie. Daarom het hy die toepassing van krygswet en die hardhandige optrede wat daarmee gepaard gegaan het afgekeur. Dit was sy regering se taak om die militêre aanslag van die oorlog deur die billike en regverdig behandeling van die burgerlike bevolking te versag. Die sukses van sy regering was van die aanvaarding daarvan deur die burgerlike bevolking afhanklik.<sup>19</sup>

As siviële regeringshoof was dit een van sy moeilikste take om tydens die oorlog die siviële funksies met die vereistes van militêre oorlogvoering (soos krygswet) te versoen. Siviële sake is ondergeskik aan militêre oorwegings gestel. Botsings tussen die militêre en siviële amptenare was onvermydelik.<sup>20</sup> Na Augustus 1901 toe die S.A.C. in die Oranjerivierkolonie nie meer onder die militêre opperbevel was nie, maar onder sy gesag gestaan het, het Goold-Adams doeltreffender beheer daaroor uitgeoefen. Hy het die inspekteur-generaal versoek dat die S.A.C. enige optrede ingevolge krygswet moes staak en aan hom verslag lewer van alle vee, produkte en goedere wat voor Augustus 1901 van die burgerlike bevolking gekonfiskeer is. Vir die doel van die verslag moes kwitansies uitgereik word sodat burgers later siviële eise ingevolge die kompensasievoorraades kon instel.

Dit het egter gebeur dat die S.A.C. perde sonder die toestemming van die eienaars opgekommandeer het en ook nie die vereiste kwitansies uitgerek het nie. Wanneer Goold-Adams 'n verduideliking gevra het, het hy tot drie maande op 'n antwoord gewag. Dit was sodanige nalatige en onverantwoordelike optrede wat die S.A.C. die argwaan van die Boere op die hals gehaal het.<sup>21</sup>

Tot met vredesluiting in Mei 1902 was die S.A.C. dus as besettingsmag en as handhawer van wet en orde in die kleiner dorpe van die kolonie slegs gedeeltelik suksesvol. Verowerde distrikte is, sover vasgestel is, wel suksesvol beset en verdedig. Die onverantwoordelike hantering van die krygswetregulasies het verhoudinge met die burgerlike bevolking egter ten koste van die siviële administrasie versuur. Die doeltreffende handhawing van wet en orde in die kleiner dorpe was dié een geleentheid om sy negatiewe beeld as besettingsmag te verbeter. Die S.A.C. het die geleentheid egter verbrou weens administratiewe onbekwaamhede en opgenomenheid met sy taak as besettingsmag.

#### Grootte en onderhoudskoste van die S.A.C.

Na die vredesluiting was dit die taak van die S.A.C. om sy beeld as militêre beset-

18. Vgl. voetnoot 13; V.A.B.: C.O. 19/1583/01: A.H.H. Powell - Majoor Aphorp, 30-5-1901; C.J.H. Kruger, *Militêre bewind in die Oranjerivierkolonie, Maart 1900 - Januarie 1901*, pp. 44-45.

19. V.A.B.: C.O. 17/1405/01: Vise-administrateur - Inspekteurgeneraal, 27-5-1901; W.H. Wills en R.J. Barnett (reds.), *The Anglo-African who's who and biographical sketchbook* (Londen, 1905), p. 62.

20. C.J.H. Kruger, *Militêre bewind in die Oranjerivierkolonie, Maart 1900 - Januarie 1901*, pp. 157-158.

21. V.A.B.: C.O. 17/1405/01: Inspekteur-generaal - Vise-Administrateur, 22-5-1901; V.A.B.: C.O. 19/1606/01: Goold-Adams - Bevelvoerende offisier, 20-5-1901.

tingsmag te vervang met dié van vreedsame polisiemag wat die welsyn van die landsinwoners op die hart gedra het. In dié proses sou dit dus 'n sleutelrol speel in die verbetering van verhoudinge tussen die koloniale regering en die verbitterde Boere om uiteindelik die siviele administrasie vir hulle meer aanvaarbaar te maak. Dat die S.A.C. egter nie so maklik van sy beeld as eertydse besettingsmag ontslae sou raak nie, het geblyk uit die woorde van 'n burger - wat van 'n interneringskamp teruggekeer het - aan die assistent-inspekteur-generaal: "It is all very well for Lord Milner and Mr Chamberlain to make fine speeches and tell us to bury the hatchet .... but you send round police with rifles to worry us."<sup>22</sup> Die feit ook dat die lede van die S.A.C. nie die Boere se taal (Hollands) magtig was nie, oor min polisie-ervaring beskik het, en veral gekritiseer is as te groot en duur, het sy taak oneindig bemoeilik.

Die S.A.C. het weens sy groot ledetal en gevolglike hoë onderhoudskoste veel kritiek verduur. Die pers, Boereleiers soos genls. C.R. de Wet en J.B.M. Hertzog en burgerlikes het verwys na die 8 000 man waaruit die mag tydens vredesluiting bestaan het en waarvan minstens 2 000 in die Oranjerivierkolonie diens gedoen het. Onderhoudkoste was £2 505 523 per jaar waarvan die Oranjerivierkolonie 'n sesde bygedra het. Prakties gespreek was dit meer as £300 per manskap per jaar.<sup>23</sup>

Die Interkoloniale Raad het die S.A.C. geadministreer met geld verkry van die regerings van die twee kolonies en hulle spoorweë. Die voorspelling van kritici dat die twee kolonies nie so gou na die oorlog instaat sou wees om ongeveer £2 500 000 per jaar vir 'n onbepaalde tyd tot die instandhouding van die S.A.C. by te dra nie, het spoedig waar geword. Reeds in die finansiële jaar van 1903 en 1904 is die S.A.C. in albei kolonies drasties verminder: tot 1 881 man in 1903 en slegs 1 236 man in 1904 in die Oranjerivierkolonie. Daarmee is die gesamentlike finansiële begroting in albei kolonies met 'n £1 000 000 na £1 520 061 verminder. Hierdie drastiese verminderings is genoedsaak nadat die Transvaalse regering vir die 1904 finansiële jaar 'n tekort begroot het.<sup>24</sup>

Die finansiële vraagstukke waarmee die twee kolonies, maar veral Transvaal, te kampe gehad het, was water op die meul van kritici. *The Friend*, die Sentrale Boere-unie en die Boere-afgevaardigdes na die Brandfortkongres (waar politieke vraagstukke bespreek is), het in 1904 aangevoer dat die S.A.C. steeds te groot was, met gevolglike hoë onderhoudskoste. Meer Hollandssprekendes moes in die mag opgeneem word en dit moes op die patroon van die goedkoper eertydse republiekinse polisie (De Rijdende Diensmacht) herorganiseer word. Die mag moes ook onder toesig van die prokureur-generaal in Bloemfontein geplaas word, in plaas van onder die inspekteur-generaal in Pretoria waarvandaan nie behoorlike beheer en toesig uitgeoefen kon word nie.<sup>25</sup>

Milner en sy Interkoloniale Raad het die S.A.C. nie as te groot of ondoeltreffend beskou nie, in ag nemende die veelvuldige funksies wat dit moes uitvoer. Die mag was direk betrokke by die heropbou van die ekonomies ontredderde kolonies. Die groot getal lede waaraan dit so gekritiseer is, het 'n leidende rol in die repatriasie van die duisende wit en swart konsentrasiekampgevangenes gespeel. Hulle het ook diens gedoen in verskeie regeringsdepartemente wat verantwoordelik was vir veeartsen-, pos-, vervoerdienste en ander wat reeds genoem is. Op dié wyse het die twee koloniale regerings ongeveer £55 000 aan personeeluitgawes bespaar.<sup>26</sup>

22. V.A.B.: C.O. 100/3920/02: G.D. Gray - Koloniale Sekretaris, 11-9-1902, p. 3.

23. £1 = ± R5 (1991); *The Friend*, 12-12-1902; J.R. MacDonald, *Wat ek in Suid-Afrika gesien het* (Johannesburg, 1942), pp. 32-33; W.B. Worsfold, *The reconstruction of the new colonies under Lord Milner II*, pp. 157-158.

24. *Ibid.*, pp. 250-252 en 338; V.A.B.: Cd. 2104, *Affairs in the Transvaal and Orange River Colony*, Julie 1904, pp. 172 en 183; Cd. 2482, *Affairs in the Transvaal and Orange River Colony*, Mei 1905, p. 21; Cd. 2102, *Finances of the Transvaal and Orange River Colony*, Junie 1904, p. 15.

25. *The Bloemfontein Post*, 4-6-1906; *The Friend*, 4-6-1906.

26. V.A.B.: Cd. 1551, *Progress of administration in the Transvaal and Orange River Colony*, April 1903, pp. 116, 195-196.

Ook plaaslike omstandighede het na die oorlog drasties verander: nuwe spoorlyne en hoofpaaie, 'n toename van minstens 30% in die bevolking van die Oranjerivierkolonie, die stigting van nuwe munisipaliteite en 'n uitgebreide koloniale administrasie op plaaslike en sentrale vlak het 'n groter polisiemag genoodsaak. Trouens, die burgers het sedert 1906 voortdurend na meer polisiemanne in hulle distrikte gevra om die toename in misdade soos veediefstal, aanrandings, dronkenskap en leeglêery ingevolge die paswetregulasies te hanteer. Hulle versoek het groter vertroue in die werk van die S.A.C. geïmpliseer.<sup>27</sup>

Dit was dus onregverdig om die voormalige Boererepublieke as doeltreffender te beskou. In die republieke was die polisie slegs in die groter dorpe, insluitende die reservate Thaba Nchu en Witsieshoek, gestasioneer. In die afgeloë distrikte was nie, soos na die oorlog in ander distrikte, polisiestasies waarvandaan patrollies kon oopereer nie. Soveel goedkoper was die diens ook nie as in aanmerking geneem word dat die minimum koste per manskap in die republieke £250 was, terwyl dit voor 1906 in die Oranjerivierkolonie £300 en daarna slegs £208 was. Hierbenewens was die S.A.C. ook geskoei op die lees van die beproefde Kaapse en Natalse koloniale polisie wat kostegewys goed met die S.A.C. en die republiekinse polisie vergelyk het.<sup>28</sup>

Die meerderheid van die S.A.C.-lede is in die buitenland gewerf. Hulle was gevolelik onbekend met die Hollandse taal van die Boere en Suid-Afrikaanse rasseaangeleenthede. Hierdie leemtes in die mondering van die S.A.C. wat kritici as onbekwaamhede bestempel het, het die S.A.C. wel in sy handhawing van wet en orde gekniehalter. Dit was egter struikelblokke wat mettertyd oorkom is. Die Britse regering was in die lig van die politieke woelinge in Afrikanergeledere, soos tydens die Brandfortkongres in 1904, en die verbitterde gesindheid teenoor die koloniale regerings kort na die oorlog, nie bereid om in daardie stadium Hollandssprekendes vir die S.A.C. te werf nie.<sup>29</sup>

Een punt van kritiek wat Milner en sy luitenant in die kolonies wel tot nadenke gestem het, was dat 'n mag so groot en duur soos die S.A.C., en ook in die lig van sy oorlogsreputasie, nie die vetroe van die burgerlike bevolking sou wek nie. Vir die suksesvolle aanvaarding van die koloniale regerings deur die bevolking was die stimulering van so 'n vertrouensverhouding 'n vereiste. Milner het net voor sy vertrek in Maart 1905 na Engeland besluit om 'n kommissie van ondersoek na besparingsmaatreëls vir die S.A.C. aan te stel. Hiermee het hy erken dat die onderhoudskoste van die S.A.C. 'n onhoudbare finansiële las op die kolonies geplaas het. By implikasie het hy ook erken dat die mag verklein moes word om sy beeld as besettingsmag af te breek en terselfertyd die konsiliariebeleid van die Britse regering te bevorder.<sup>30</sup>

Hoë Kommissaris Selborne, wat Milner in Suid-Afrika opgevolg het, het Goold-Adams as voorsitter van 'n viermankommissie aangestel om na die salaris, toelae en rekeningstelsel van die S.A.C. ondersoek in te stel. Die doel was om die mag op 'n meer ekonomiese grondslag te organiseer, maar met behoud van sy slaankrag en beweeglikheid in noodgevalle.<sup>31</sup> Die resultaat van die ondersoek is in 1906 uitgebring. Lopende uitgawes van die S.A.C. in die Oranjerivierkolonie is met £130 000 besnoei sodat instandhoudingskoste daardie jaar slegs £240 000 bedra het. Die totale bedryfskoste van die S.A.C. vir albei kolonies is op £889 000 vasgestel. Dit was 'n vermindering van meer as £500 000 op die 1904-syfer. Die oorspronklike 10 016 man is deur die kommissie tot 3 700 verminder, waarvan slegs 1 100 in die

27. V.A.B.: Cd. 3528, *Further correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony*, Junie 1907, pp. 49-51.

28. *Ibid.*, pp. 49-51.

29. V.A.B.: Cd. 151, *Progress of administration in the Transvaal and Orange River Colony*, April 1903, p. 196. Vgl. ook V.A.B.: *Officieel verslag van de verrichtingen van het Nationaal Congres gehouden te Brandfort op 1 en 2 Desember 1904* (Bloemfontein, 1905), pp. 68-71; A.P.J. van Rensburg, 'Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie, 1902-1907', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1967, II, p. 195;

30. Vgl. W.B. Worsfold, *The reconstruction of the new colonies under Lord Milner I*, p. 338.

31. V.A.B.: *Government Gazette*, 14-7-1905, proklamasieno. 204.

Oranjerivierkolonie gestasioneer sou wees. Hierdie vermindering in getalle en kostes het, vyf jaar nadat die S.A.C. in die lewe geroep is, 'n besparing van ongeveer 65% meegebring. Die gemiddelde uitgawe per S.A.C.-lid het met ongeveer £100 tot £208 gedaal.<sup>32</sup>

The Friend het toegegee dat daar 'n aansienlike besparing teweeggebring is. Inderdaad was die uitgawe per manskap ongeveer £40 minder as in die geval van die republikeinse polisie. Die Kommissie van Ondersoek was van oordeel dat die S.A.C. in terme van doeltreffendheid en koste per manskap in staat was om enige vergelykbare toets met 'n naburige selfregerende kolonie te deurstaan.<sup>33</sup>

### Bekamping van misdaad

Die sukses wat die S.A.C. met die algemene bekamping van misdaad behaal het, blyk uit die volgende syfers: Van die 128 657 persone wat van Januarie 1903 tot Junie 1906 in die twee kolonies gearresteer is, is 109 485 gevonniss. Dit is 'n sukseskoers van 85%. Vanaf 1905 tot 1908 is 81% van die persone wat in die twee kolonies skuldig bevind is, gevonniss. Die hoë persentasies is ook 'n bewys van die goeie oordeel van die polisie wat die howe nie met onbenullige sake belas het nie.<sup>34</sup>

Die bekamping van veediefstal was waarskynlik die veeleisendste taak van die S.A.C. Na die oorlog was daar 'n merkbare toename in veediefstal. Dit het hoofsaaklik langs die kolonie se grens met Basoetoland (die huidige Lesotho) en in die omstreke van die swart reservate, Thaba Nchu en Witsieshoek waar digte bevolkingskonsentrasies was, voorgekom.<sup>35</sup>

Die opspoor van vee was 'n moeilike en tydrowende taak. Omstandighede wat die taak van die S.A.C. bemoeilik het, was die jaarlikse vermindering van S.A.C.-getalle, die meer as 200 kilometerlange, moeilik begaanbare en bergagtige grens met Basoetoland en die verarmde wit en swart bevolking na die oorlog, wat 'n klimaat vir misdaad geskep het. Die vraagstuk is gekompliseer deur vee wat bloot verlore geraak het, of diefstal wat nie deur die arm swart bevolking gepleeg is nie, maar wel deur witmense. Wit bywoners en selfs vooraanstaande veeboere soos Jacobus van Zyl van die distrik Ladybrand, het hulle aan veediefstal skuldig gemaak. Daar moes ook rekening gehou word met strooptogte uit Basoetoland.<sup>36</sup>

In 1904 het die Sentrale Boere-unie op sy kongres kritiek gelewer op die beweerde onvermoë van die S.A.C. om die toenemende diefstal te bekamp. Op versoek van luitenant-goewerneur Goold-Adams het die S.A.C. sedert 1904 jaarliks statistiese verslae oor veediefstaloperasies voorgelê om die mate van sukses wat die S.A.C. in die bekamping van veediefstal behaal het, vas te stel.<sup>37</sup>

Uit die verslae vir April tot September 1904 het geblyk dat 50% van die verlore grootvee (perde, muile en beeste) teruggevind is. Van die kleinvee (skape en bokke),

- 
32. V.A.B.: *Inter Colonial Council Reports 36-38: Report S.A.C. Commission*, November 1905; *The Friend*, 4-6-1906; J.G. Fraser, *Episodes in my life* (Kaapstad, 1922), p. 317.
  33. *The Friend*, 6-5-1907 (Hoofartikel); W.B. Worsfold, *The reconstruction of the new colonies under Lord Milner II*, p. 172.
  34. V.A.B.: Cd. 3528, *Further correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony*, Junie 1907, pp. 49-51; V.A.B.: O.R.C. 269 *Orange River Colony Report of the Acting Commissioner*, 31-12-1908, pp. 3-4 en 7; W.B. Worsfold, *The reconstruction of the new colonies under Lord Milner II*, pp. 168-172.
  35. V.A.B.: O.R.C. 269 *Orange River Colony Police, Report of Acting Commissioner*, 31-12-1908, p. 4; C.C. Eloff, *Oranje-Vrystaat en Basoetoland, 1884-1902* (Pretoria, 1984), pp. 228-229; V.A.B.: Cd. 1551, *Progress of administration in the Transvaal and Orange River Colony*, April 1903, p. 116.
  36. Een myl = 1,6 km; V.A.B.: Cd. 2482, *Affairs in the Transvaal and Orange River Colony*, Mei 1905, pp. 25-26; C.C. Eloff, *Oranje-Vrystaat en Basoetoland, 1884-1902*, p. 228.
  37. V.A.B.: C.O. 350/8959/04: Resolution O.R.C. Central Farmers' Union: S.A.C., 22-11-1904; V.A.B.: C.O. 340/8093/04 Goold-Adams - Prokureur-generaal, 8-11-1904.

is 41% teruggevind. In dié ses maande het die 130 polisiestasies in die kolonie, 16 190 patrollies uitgestuur; dit wil sê ongeveer 2 500 patrollies per maand.<sup>38</sup> Gedurende Januarie tot Desember 1906 het die S.A.C. 51% van die verlore grootvee en 39% van die verlore kleinvee teruggevind. Daar was toe 135 polisiestasies wat minstens 2 892 patrollies uitgestuur het. Vir Januarie tot Junie 1907 is 41% van die verlore grootvee en slegs 29% van die verlore kleinvee teruggevind. In 1907 het ongeveer 4 000 patrollies vanaf 141 polisiestasies geopereer.<sup>39</sup> Die gemiddelde persentasie van grootvee wat in die tydperk 1904 tot 1907 teruggevind is, was 46%. Vir kleinvee was dit veel laer, naamlik slegs 36%.

Die lae persentasie kleinvee verdien nadere aandag, veral as in aanmerking geneem word dat in 1906 alleen, 13 557 stuks kleinvee verlore was, waarvan slegs 39% weer gevind is, d.w.s. 5 353 stuks; en dit ook ten spyte daarvan dat die aantal polisiestasies van 130 in 1904 tot 141 in 1907 vermeerder is. Die vermeerdering impliseer dat meer S.A.C.-lede vir die bekamping van veediefstal aangewend is, ten spyte van 'n algemene vermindering in S.A.C.-getalle in die kolonie. Dit was 'n teken van sowel die erns waarmee die regering die vraagstuk bejeën het as sy begeerde om die Boere te oortuig dat hulle belang voorop gestel word ter wille van voorspoed en konsiliasie.

Verskeie redes was verantwoordelik vir die lae persentasie kleinvee wat teruggevind is. Die diefstal of verlore raak van vee kon beperk word indien die veeboere hulle verliese onmiddellik aangemeld het. Vervolgens het boere hulle skape gewoonlik slegs een keer per week getel. Meer tellings per week sou die veeboer gouer op die hoogte met veeverliese bring wat dan by die polisie aangemeld kon word. Daar was in elke distrik 'n polisiestasie en patrollies het afgeleë plaaswonings minstens een keer per maand besoek. Boere kon ook groot hulp verleen indien hulle die passe van swartes in besit van vee ondersoek en ongerymdhede terstond aangemeld het. Selfs 'n neusbrand op skape sou identifikasie vergemaklik.<sup>40</sup>

In die geval van sowel groot- as kleinvee het dit gebeur dat die vee nie gesteel of verlore was nie, maar slegs afgedwaal het. Het die boer sy vee self opgespoor, is die S.A.C. nie ingelig nie. Die gevolg was dat die S.A.C. die vee nog as verlore beskou en tyd en mannekrag vermors het om daarna te soek. Die boere was nalatig en onverantwoordelik om, ten spyte van herhaalde versoekte, nie die vee wat hulle self gevind het, te rapporteer nie. Boere met groot getalle klein- en grootvee het dikwels ook verkeerde tellings gedoen, terwyl hulle kuddes of troppe inderwaarheid voltallig was. Hulle het dan nagelaat om die S.A.C. dienooreenkomsigt in te lig.<sup>41</sup> Ander oorsake vir kleinveeverliese was natuurlike oorsake soos veesiektes en ongediertes, terwyl kwaadwillige vergiftiging en diefstal ook voorgekom het. Die feit dat kleinvee makliker as grootvee gesteel of gedood en vervoer kon word, het diefstal daarvan vergemaklik en aangemoedig.

Soos uit die genoemde persentasies blyk, het die S.A.C. bykans die helfte van alle grootvee wat verlore of gesteel is, teruggevind. Grootveegetalle was aansienlik minder as dié van kleinvee: 3 340 stuks grootvee teenoor 13 557 stuks kleinvee het in 1906 verlore geraak.

In die geval van verlore grootvee was daar ook belangrike oorsake waarvoor die veeboer verantwoordelik was. Die hoofsooak was, soos in die geval met verlore kleinvee, die nalatige optrede van die boer, wat ses dae tot twee maande getalm het om veeverliese aan te meld. Intussen het die spoor van die verlore vee "koud" geword en opsporing in die bergagtige dele langs die grens met Basoetoland en rondom die digbevolkte swart reserve geweldig bemoeilik. Die grootste veeverliese het in hierdie streke voorgekom.

38. V.A.B.: C.O. 340/8093/04: Afdelingskommandant - Privaatsekretaris, Luitenant-goewerneur, 23-11-1904; Crime Reports for O.R.C., April - September 1904.

39. V.A.B.: C.O. 370/1223/06 Afdelingskommandant - Luitenant-goewerneur, 17-2-1906; V.A.B.: C.O. 370/1223/1/06 Stock lost and recovered, 23-2-1907.

40. V.A.B.: C.O. 370/1223/2/06 H.F. Wilson - Regerinsekretaris, Basoetoland, 17-9-1907.

41. V.A.B.: C.O. 370/1223/2/06: J. Archibald - Afdelingskommissaris, 17-6-1907; G.S. Beer - Onder-afdelingskommissaris, 10-6-1906.

Die taak van die S.A.C. is verder bemoeilik deur faktore soos ongebrandmerkte en ongeregistreerde vee van beide Vrystaatse (Oranjerivierkolonie) en Basoetolandse boere. Die vee het soms ook nie oor onderskeidende kleure of ander eienskappe beskik om uitkennings te vergemaklik nie. Die S.A.C. op Ladybrand was van oordeel dat die diefstal of verlore raak van grootvee slegs deur behoorlike brandmerke en registrasie beperk kon word.<sup>42</sup>

Die kritiek teen die S.A.C. oor sy onvermoë om veediefstal te bekamp, was dus ongeregverdig. Die S.A.C. het redelike sukses met die opsoring van verlore vee behaal, in die aangesig van 'n verbitterde en bevooroordelde Boerebevolking en 'n veeleisende heropbouprogram wat hoofsaaklik met die hulp van die S.A.C. uitgevoer is. Goold-Adams was oortuig dat die S.A.C. meer sukses in misdaadbekamping sou behaal indien die Boere meer geredelik hulle samewerking gegee het.<sup>43</sup>

### Gevolgtrekking

Die S.A.C. wat na die oorlog as polisiemag moes optree, het reeds tydens die oorlog met 'n agterstand begin. Dit was 'n besettingsmag van die oorwinnaar: die skepping van Milner die imperialis en van die militêre opperbevel. Daarom het die Boere die S.A.C. veroordeel nog voordat dit homself as polisiemag kon bewys.

Die S.A.C. het as militêre mag daarin geslaag om die ontruimde dorpe en distrikte suksesvol teen verdere aanslae van die Boerekommando's te verdedig. Sy veeleisende militêre verpligtinge waarmee Milner en die militêre opperbevel hulle misreken het, het hom egter verhoed om sy polisiewerk in die kleiner dorpe behoorlik na te kom.

Na die oorlog toe sy militêre verpligtinge verval het, was die S.A.C. in sy polisieoptrede suksesvoller. Sy teenwoordigheid het daardie Boere wat nog tot opstand geneig was, laat herbesin. Statistiek het getoon dat misdaad hoogs suksesvol bekamp is, met die uitsondering van veediefstal as gevolg van die veeboere se nalatige optrede. Net na die ontbinding van die S.A.C. in 1908 het generaal J.B.M. Hertzog, toe waarnemende polisiehoof, te kenne gegee dat die S.A.C. 'n bekwame polisiemag was wat sy pligte nougeset nagekom het.

Die S.A.C. het 'n integrale rol in die materiële ontwikkeling en administratiewe rekonstruksie van die kolonie gespeel. In verskeie departemente het die mag 'n belangrike ondersteuningsrol vervul. Dit het die siviele regering in staat gestel om hom sedert 1903, toe die ontwrigte bevolking met die hulp van die S.A.C. hervestig is, op konsiliasier tussen Boer en Brit toe te spits. Met dié doel voor oë, is die S.A.C. ingespan om veral op finansiële gebied besparings te weeg te bring. Die ledetal van die mag is byna jaarliks verminder, terwyl hulpverlening aan ander departemente personeeluitgawes bespaar het. Suksesvolle misdaadbekamping en die versoek van inwoners van sekere distrikte om meer polisielede, het van toenemende vertroue in die S.A.C. getuig. Selborne het in 1907 tereg verklaar: "...the S.A.C. ... as I know from personal experience, [has] striven to their utmost to serve the farmers and the people of the two Colonies and I do not think their efforts have been wholly unsuccessful".<sup>44</sup>

Die S.A.C. het inherent uit uitstekende polisiemanne bestaan, ten spyte van die 250 "Hendsoppers" wat meer kwaad as goed gedoen het. Die talle ander funksies buite sy terrein as regshandhawer en die bevooroordelde houding van die Boerebevolking, het die S.A.C. onvermydelik aan kritiek blootgestel. Onder dié omstandighede het die S.A.C. hom na die oorlog goed van sy taak as handhawer van wet en orde gekwyt.

42. V.A.B.: C.O. 370/1223/2/06: H.F. Wilson - Regeringsekretaris, Basoetoland, 17-9-1907.

43. V.A.B.: C.O. 350/8959/04: H.F. Wilson - Sekretaris Sentrale Boere-unie, Januarie 1905.

44. V.A.B.: *Inter-Colonial Council Debates, Fifth Ordinary Annual Meeting*, Mei 1907, p. 5.